CARNEGIE - UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
- 1 -3- 1979
CARNEGIE LIBRARY
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXIII Nr 1 PRYS 10c

DONDERDAG 22 FEBRUARIE 1979

*Vanaand* 

# DRIE EEUE-PLESIER LOOP VLOT



*Mej. Matieland en haar twee prinsesse word vanaand uit hierdie tien finaliste gekies. Voor v.l.n.r. verskyn Gerda de Villiers, Kosie Weideman, Annette Marais, Antoinette Stolz en Hettienne Loxton. Agter v.l.n.r. is Tina Louw, Kanja Marais, Theresé Coetsee, Sue Matthews en Tessie Nel.*

DIE Matie-Karnaval '79 is hier! Die afgelope week was dit die ene bedrywigheid op die Akker. Die Maties geniet hulself, maar werk terselfdertyd hard om hul doelstellings i.v.m. USKOR te verwesenlik. 'n Ideale wisselwerking van plesier en werk sorg dat daar weer 'n karnaval duisend besig is om plaas te vind. Die opheffing van die Bruin-gemeenskap in Wes-Kaapland is die groot dryfveer agter die reuse karnavalpoging. Met só 'n doel voor oë behoort die mikpunt van R120 000 nie moeilik bereik te word nie.

Die karnavalpoging is op gepaste wyse afgesit met die eerste keuring van Mej. Matieland. Verlede Vrydag was daar nog 'n keuring by 'n bekende restaurant op Stellenbosch. Vanmiddag hou die tien finaliste 'n modevertoning van winterklere in die Sanlamsaal. Vanaand sal hulle die Kroningsbal bywoon waartydens 1979 se Mej. Matieland en haar twee prinsesse gekroon word.

### DIE SMOEG

Daar het reeds twee uitgawes van *Die Smoeg*, 'n spesiale karnavalkoerant, verskyn om die studente op hoogte te hou van die karnavalbedrywighede. Daarin word 'n volledige program met detail van elke gebeurlikheid aangegee.

### KWOTAS OORSKRY

Danksy die mooi ontwerp op die T-hempies is die huidige voorraad reeds uitverkoop. 'n Nuwe voorraad is reeds op pad. Die *Akkerjolle* verkoop soos soetkoek in Wes-Kaapland. Die meeste koshuise het reeds hul kwotas verlede naweek oorskry.

Die groot opkomste by Andre de Villiers, die sokkiejol en die middaguurkonserte voorspel net goeie dinge vir hierdie naweek.

### HOOGTEPUNT

Karnaval bereik sy hoogtepunt hierdie naweek. Môremiddag vind die gereelde kermis op die Jan Maraisplein plaas. Die "boatrace-kompetisie" om die gesogte Akkertrofee sal weer plaasvind. Die kermis word gevolg deur 'n braaivleis en 'n folkfees waarin verskeie musikante en groepe sal optree. Die hoogtepunt van karnaval is sekerlik die vlotbou en sokkiejolle by die afsonderlike koshuise. Om die groeiende vlot is dit die plek waar jy nuwe kennisse maak en die gees van karnaval na behore smaak.

### SATERDAG

Saterdagoggend is die groot oggend. Die vlotte beweeg vanjaar ook deur die strate van Bellville en Kuilsrivier. Saterdagaand gaan die Maties karnaval met swierige danse op verskeie plekke vier. Vir die nie-dansers is daar 'n braaivleis, aangebied deur die A.C.S.V, by Vergenoeg.

Sondagmiddag word die karnaval op gepaste wyse afgesluit met 'n Christen-fees op die Jan Maraisplein.

# Plesier bonus op harde werk

DUISENDE Maties wend hulself hierdie naweek tot die plesier van Karnaval. Dat daar ook heelwat sweet by betrokke is, was vroeër vandeesweek duidelik met *Die Matie* se besoek aan die Karnavalkantoor. Gesien deur die bril van Karnavalvoorsitter Freddie Human, is die plesier slegs die bonus op die harde werk.

Met 'n mikpunt van R120 000 is dit duidelik dat elkeen sy deeltjie sal moet bydra om 'n finansiële sukses te verseker. Freddie verwag vanjaar bruto-inkomstes van R5 000 deur die straatkollekte, R68 000 deur die debutante, R46 000 van motorkompetisiekaartjies en R16 000 van *Akkerjol*-verkope. Met die ander Karnavalaktiwiteite word daar slegs gepoog om uitgawes te dek.

### PRYSE VERLAAG

Volgens Freddie poog die Karnavalkomitee om goedkoop vermaak te verskaf waarvoor deelname aan die meer winsgewende projekte soos *Akkerjol*- en motorkompetisiekaartjieverkope as



FREDDIE HUMAN

teenprestasie verwag word. Om hierdie rede is die pryse van danskaartjies verlaag.

Karnaval het as doel die insameling van fondse vir USKOR en die skep van 'n geleentheid vir pret en jolyt. Dit is die taak van beide die Karnavalkomitee en elke deelnemende student om hierdie doelstellings regmatiglik te versoen. Hier behoort plesier eers ná werk te kom.

### PLESIER OPBOUEND

Die Karnavalvoorsitter het dit duidelik gestel dat die plesier van Karnaval opbouend moet wees en beslis nie drankmisbruik en ander wangedrag insluit nie. Daar sal dan ook streng kontrole wees by die geleenthede waar drank verkoop word.

Die Karnavalkomitee sal graag wil hê dat alle studente vanjaar deelneem aan die Kermis en die optog. Net sowat 3 000 studente het in die verlede aan die Kermis deelgeneem terwyl 1 900 gaan dans het. Vroeër vanjaar was net 2 700 seniors bereid om motorkompetisiekaartjies te verkoop.

## PROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 22 Feb. | 18h30 | – *Modevertoning deur Mej. Matieland-finaliste. (Sanlamsaal, L.S.S.)* |
| | 20h00 | – *Finale keuring Mej. Matieland.* |
| | 20h00 | – *Mej. Matieland Kroningsbal.* |
| | 21h00 | – *Beoordeling van koshuisversierings.* |
| 23 Feb. | 13h15 | – *Middaguurkonsert in konservatorium.* |
| | 14h00 | – *Karnavalkermis op Jan Maraisplein.* |
| | 18h00 | – *Braaivleis op plein.* |
| | 19h00 | – *Folkfees op plein.* |
| | 18h00 | – *Vlotbou en Sokkiejolle by koshuise.* |
| | 20h00 | – *Karnavalsokkie. (L.S.S., danssaal).* |
| 24 Feb. | 08h00 | – *Vlotoptog deur strate van Bellville, Kuilsrivier en Stellenbosch.* |
| | 14h00 | – *Middagprogram op Jan Maraisplein.* |
| | 20h00 | – *Karnavaldanse:*<br>*1) Formele dansparty in die stadsaal.*<br>*2) Formele dansparty in die danssaal, L.S.S.*<br>*3) Semi-formele dansparty in die Sanlamsaal, L.S.S.*<br>*4) Semi-formele dansparty in die Parowse Banketsaal.*<br>*5) Semi-formele dansparty in die Ledesaal, Goodwoodskouterrein.*<br>*6) Informele sokkiejol op Jan Maraisplein.* |
| | 20h00 | – *Karnavalbraaivleis by Vergenoeg.* |
| 27 Feb. | 16h00 | – *Christenfees deur A.C.S.V.* |
| 23 Maart | 20h00 | – *Debutantebal in die Hotel Mount Nelson, Kaapstad.* |



*Opskop vir Karnaval '79. Die tromppoppies gaan oormôre dié tradisie voortsit deur die vlotoptog deur die strate te lei.*

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
22 APR 1980
TYDSKRIFTE
CARNEGIE BIBLIOTEEK

# DIT IS WAARVOOR ONS ALMAL WERK

## USKOR...USKOR...USKOR







- USKOR, die Klinieke Orgnisasie van die Universiteit van Stellenbosch, is die eerste organisasie van sy soort wat aan 'n Afrikaanse universiteit gestig is.
- Dit bied hoofsaaklik mediese- en gemeenskapsdienste in vyf bruin woonbuurte en in die landboudistrik van Stellenbosch.
- Die organisasie werk hard om die plakkerprobleem in die Skiereiland te verlig.
- Die Stellenbosse tak van USKOR lewer hoofsaaklik gemeenskapsdienste, wat dramahulp, maatskaplike dienste en regshulp insluit. Bystand word verleen aan gestremdes en die organisasie help op die gebiede van onderwys en vryetydsbesteding. Hiervoor is daar dan ook 'n kinder-, 'n huisvrou- en 'n handwerkklub gestig om in behoeftes te voorsien.
- Projekte is geloods om Kleurlinge op omliggende plase te help met sportafrigting en die bou van ontspanningsgeriewe.
- 'n Tygerbergtak van USKOR is tot stand gebring om mediese-, para-mediese- en tandheelkundige dienste by drie klinieke te lewer.
- USKOR is verantwoordelik vir die totstandkoming van 'n kerksentrum, kinderspeelpark en tandheelkundekliniek. Die bou van twee sportkomplekse vir Kleurlinge is ook behartig.
- 'n Suksesvolle program hang van die samewerking en deelname van alle studente. Belangstellendes word versoek om by mej. Du Toit in die USKOR-kantoor in die LSS aan te klop vir verdere inligting. 'n Oriënteringskursus word aangebied vir almal wat bereid is om hulp te verleen.

EDRICH

ASHAI PENTAX-KAMERA EN TOERUSTING

MAANDPROGRAM, FEBRUARIE 1979

- Pentex-kameras en toerusting teen spesiale lae pryse.
- Filmvertoning oor vervaardiging van Pentex-kameras en lense. DAAGLIKS.

RYNEVELDSTR. 34, STELLENBOSCH
TELEFOON (02231) 3420

# *GEEN PRYSBINDING OP KLEURBAADJIES*

VERLEDE jaar was daar sprake van pryssamespanning tussen drie uitrusters op Stellenbosch. Die Pryskontroleur het bevind dat daar geen sprake van sodanige samespanning is nie.

Volgens die kontroleur is daar geen statutêre beheer oor die pryse van klerasie nie. Die stelling van dr. P.G. du Plessis dat die Pryskontroleur 'n wins van tussen 60% en 70% op klerasieverkope toelaat, is dus ongegrond.

### GEEN VERSKIL IN KOSPRYS

Die universiteitskleurbaadjies moet in alle opsigte identies wees. Dit is dus noodsaaklik dat die kledingstukke van dieselfde vervaardiger bestel moet word. Die kosprys vir die baadjies verskil nie van uitruster tot uitruster nie. Die universiteit self vereis ook dat die kleurbaadjies van dieselfde vervaardiger aangekoop moet word.

### GELYKMAKING NORMAAL

Die Pryskontroleur het bevind dat die gelykmaking van pryse van die kledingstukke normaal is. Die mededingende faktore van 'n beperkte mark binne 'n betreklik klein gebied is grootliks vir die gelykmaking verantwoordelik.

**Uit die ondersoek blyk dit dat die winsgewendheidspeil van die uitrusters onder dié is wat vir prysbeheerdoeleindes as normaal beskou word.**

# *Oud-skoliere byeen op Worcester*

**HANNES RABIE skryf:**

ONS beoog om op Vrydag, 16 Maart 1979 'n funksie aan te bied ten tyde waarvan ons 'n oud-skolier-unie in die lewe gaan roep.

Die funksie is 'n dinee-dans in die stadsaal van Worcester en begin om 20h00. Kaartjies is beskikbaar by Francois Möller in Huis Marais, en by Hannes Rabie, Buitekringweg 17. Die koste is R10,00 per paar.

**Ons wil graag almal wat skoliere was van die Hoërskool Worcester nooi om die poging te ondersteun en te probeer om teenwoordig te wees.**

Verdere inligting is beskikbaar by bogenoemde twee persone en by mnr. Van Vuuren van die Hoërskool Worcester.

# INTEKENVORM

Ek sal graag wil inteken op *Die Matie* in 1979

Naam ..............................................................

Adres ..............................................................

(Stuur inskrywingsvorm tesame met 'n tjek/posorder vir R3 aan: Die Redakteur, *Die Matie*, Langenhoven-sentrum, Stellenbosch, 7600.)

# EETPLEKKE VIR ELKE SAK

## Kom kies jou smulgereg

MARIETTE STREICHER

SAAM met wie wil jy vanaand gaan eet — die "elite", die bourgeoisie of die gepeupel? Die "elite" en jou fynproewers sal jy by die Volkskombuis, Spier, Die Ou Stal en La Capannina kry, maar hier moet jy natuurlik 'n styfgestopte beursie hê.

Die Volkskombuis spesialiseer in 'n smoorsnoekvoorgereg vir R1,75. Ander sal dalk eerder wil wegval met die gesogte disse soos Meraai se Hoenderpaai (R2,75), pens en pootjies (R2,95), gebakte lamsribbetjie met vars kruie uit die tuin (R4,50) en eend, gebraai in heuning met okkerneutvulsel vir R4,60. Vir die vleistande is daar kruisskyf vir R4,05 tot gelardeerde biefstuk ("monkey gland") vir R4,65 en op die koop toe growwe brood vir die gesondheidsbewustes.

### SLAKKE

Weg van die Suid-Afrikaanse tradisie, kan jy by Signor Giovanni en signorina Maureen in 'n Italiaanse atmosfeer 'n T-been biefstuk vir R3,25 tot filet of bief strogonoff vir R4,75 by die La Capannina geniet. Vir die vreemde tonge bedien signor Giovanni 'n eksotiese dis, Escarcots (slakke), vir R2,50. Visliefhebbers praat met groot lof van Die Ou Stal se visgeregte wat wissel van R1,50 tot R3,95, maar vir die biefeters is daar 'n "economic rump" vir R2,10 tot die groot "Hunter's rump" (R3,95).

### BUITE STELLENBOSCH

'n Entjie buite Stellenbosch is die Spier waar die Slawehuisrysbord vir R4,10 hul spesialiteit is. Tradisionele kos vir R3,50 'n bord, kruisskyf (R4,50) en filet (R4,70) word ook volgens absolute etiket bedien.

Die Lanzerac is bekend vir baie dinge, maar moenie hulle eetsaaletes vir R5,80) 'n kop, kaasmiddagetes (R2,60) en laaste maar nie die minste nie, hulle brood vergeet nie.

### GEWONE STUDENTE

Maar ons gewone studente sal maar soos die Engelsman sê net vir "highdays and holidays" daar gaan eet. En hoe gemaak as jy darem die aand by kerslig wil eet en gesels? Vir dié met 'n klassieke agtergrond bied Zorba 'n vriendelike Griekse atmosfeer. Theodore (oftewel Theo) sal sorg vir kwaliteit biefstukke. Jy kry sekerlik waarde vir jou geld as jy R4,35 vir 'n medium lendeskyf (sirloin), R4,85 vir 'n T-been of R4,65 vir 'n gelardeerde biefstuk betaal. Daarby kry jy vars rolletjies en soveel slaai as wat jy voor kans sien. En wie weet, dalk nog 'n glasie wyn op die koop toe. Hou jy van die plekkie; probeer net een maal hulle biefstuk a' la stratos met wynsous, vars sampioene en room (R5,35).

### MIDDAGETES

Theos, 'n ware studente-vriend, bedien vanaf volgende week spesiale Matie-middagetes wat Wiener Schnitzel (kalfsvleis) of biefstuk met slaai en rolletjies sal wees. En moenie vergeet om hul koffie (25c) te proe nie — dis heerlik! Die Cattle Baron bedien elke middag 'n spesiale middagete (R1,45). Mediumgroot-biefstukke kos R4,90, groot R5,80 en X-groot R7,50. Ierse koffie kos R1,25.

### GEPEUPEL

Vir die "gepeupel" se daagllikse behoeftes wat die inwendige mens betref, het Neelsie geen bekendstelling nodig nie. So ook nie die Arizona Spur se verslankers beeslende vir R2,55, T-been spur vir R3,45 en gelardeerde biefstuk vir R3,75 nie. Safari Grill bedien spesiale middagetes vir R1,30, mini-biefstuk vir R1,80 en T-been vir R2,00. Yankee Kitchen se mini-biefstuk kos R1,50 en hul super T-been yankee R3,90. Ook die Akker bedien 'n mini-biefstuk, De Akker, teen 'n minimale prys van R1,15 en "Old Man Rump" vir R3,95. By die Rendezvous kan jy biefstukke vir R2,70 kry met aartappelsyfies en slaai.

En vir die wat nou nog honger is; in elke koshuis op hierdie kampus is daar 'n vriendelike jonge dame met 'n vol beskuitblik en wat heerlike koffie met liefde daarby bedien.

## Stillewe in LSS




*'n Leë koeldrank- en bierblikkie is die stille getuienis van nog 'n Matie wat sy eie lewe gered het — ten koste van die kostannie.*

# TEATERS EN TRADISIES

VAN al die teaters op Stellenbosch, is die H.B. Thom sekerlik die bekendste. Vir 'n gratis sitplek is studente bereid om voor 'n opvoering kaartjies te verkoop. Dit bied dan ook 'n gulde geleentheid om die interessante teatergangers, wie se kleredrag wissel van goue aandtabberds tot uitgerafelde jeans, te besigtig. Plekbespreking vir die H.B. Thom-teater, word gewoonlik by Edrich's gedoen.

Vir ons eie Kobus Rossouws en Sandra Prinsloo's, is daar die Libertasteater — of sal ons dit die "USAT-teater" noem. Dit is hier waar studentetalente floreer op 'n klein plankverhogie en waar die dramatiese Matie homself kan uitleef.

### SOKKIES

Vir die Matie wat dansend deur die lewe gaan, het sokkiejolle geen bekendstelling nodig nie. En niks op aarde keer jou om so nou en dan by 'n wildvreemde koshuis 'n bietjie litte te gaan losmaak nie! Die stadsaal is veral gewild waar dit kom by huisdanse en groot funksies. (En hoe moes menige waardige Matiedame nie al haar "pose" hou terwyl sy met bloeiende blou tone ewe galant by die voordeur afgesien word nie — stadsaal, o stadsaal. . .)

Gedurende Karnaval is menige Matie op sy tone — hetsy in lg. stadsaal, Drie Gewels of elders. Die "Gat" in die LSS bly 'n gewilde dansplek — net jammer dat iemand nog nie die oorspronklikheid aan die dag gelê het om 'n deksel daarop te sit nie: wat is vir 'n nuuskierige en verveelde toeskouer meer ammusant as juis 'n dans in die "Gat"!

### TRADISIE

Gepraat van tradisie — het jy al in jou tweede jaar gedurende klastyd 'n mandjie vol growwe brood en maaskaas gepak en jouself tussen die kappertjies langs die Eerste Rivier sit en spyt eet?

'n Ander variasie (net vir seniors) is natuurlik die wingerdlandjies van die Lanzerac . . .

En hoe gemaak as jy die aand in 'n uiters nie-akademiese amoreuse stemming die opkomende maan agter die Pieke wil bewonder? Die Laan? 'n Praktiese alternatief is natuurlik die koshuiskamer en 'n beker waterige koffie sonder suiker. As jy gelukkig genoeg is, 'n beskuitjie of twee . . .

Watter volwaardige Matie-dame het nog nie op 'n warm somersdag 'n verfrissende stort in Willows se "quad" geniet nie? Of 'n "sjampagne-breakfast" te Jonkershoek?

Bloktyd is swemtyd en "tan"-tyd. Dit is in hierdie voor-eksamen toestand dat Maties net eenvoudig dinge aanvang waaraan hulle nog nooit eers gedink het nie.

Tradisie: Bergpad draf (gevaarlik), swot, koffiedrink (klets), probleme, sleep, uitmaak, gediggies skryf, "posters" koop, verlang, jou eie ding doen en — Matie wees!



*Kappityt, want karnaval is op hande.*

GET FRUITY WITH JUICY LUCY.

Juicy Lucy now at the Kentucky Fried Chicken store in Stellenbosch. Serving freshly squeezed 100% pure fruit juices. Juicy Lucy and The Colonel have got together to give you the finest fast food service in town. 100% pure fruit juice plus finger lickin' good Kentucky Fried Chicken, Colonel Burgers, chips, salads and desserts.

FRESH PURE FRUIT JUICE
JUICY LUCY
it's the real thing

TAKE A JUICE TRIP TODAY.

KENTUCKY FRIED CHICKEN,
Trust Bank Centre, Stellenbosch.
Telephone: 6174.

Campbell-Ewald 1243

Die Matie
Donderdag, 22 Februarie, 1979

# Vier 'gesond' fees

Karnaval is die jaarlikse sosiale hoogtepunt van elke Matie. Dit is so 'n gevestigde tradisie dat 'n mens jou Stellenbosch nie daarsonder kan voorstel nie.

Studentepret lewer 'n belangrike bydrae tot die genot en voorreg om jonk te wees. Die kortstondige studiejare gaan so gou verby dat 'gesonde' pret en vrolikheid ter wille van gabalanseerd-menswees, onontbeerlik is.

Alle plesier en genot is egter nie gesond nie. Soos daar 'n tyd en plek vir alles is, is daar 'n perk aan alles. Niemand het nog ooit beswaar gemaak teen die tipiese Karnavalgees wat tans op die kampus heers nie. Ons maak wel beswaar teen onbehoorlike gedrag. DRONKENSKAP, VANDALISME EN CHAOS IS NIE DEEL VAN KARNAVAL NIE! En ons durf nie swak gedrag aan Karnaval toeskryf nie.

In 'n verligte eeu durf ons nie Karnaval hou met die goeie doel om R120 000 ten bate van USKOR in te samel en daarmee basta nie. Dit sou 'n ernstige refleksie op ons integriteit werp. Hoe kan ons dit moreel regverdig om geld ten bate van die opheffing van die bruin gemeenskap in te samel en met die bereiking van ons doel 'n swak voorbeeld aan hulle stel?

Buitestanders besef nie werklik hoe hard die karnavalkomitee en al die organiseerders in die verskillende koshuise werk om van Karnaval 'n finansiële sowel as 'n sosiale sukses te maak nie. Ons opregte dank vir hul onbaatsugtige ywer.

Die A.C.S.V. het reeds verlede jaar skerp reageer teen veral die misbruik van drank. By wyse van briewe in *Die Matie* het hulle hul misnoeë uitgespreek teenoor die algemene tendens om Karnaval-plesier met losbandigheid te vervang.

Die Studenteraad sowel as die Karnavalkomitee het standpunt ingeneem teen die misbruik van drank en stappe is gedoen om te probeer verhoed dat studente hulself te buite gaan. Baie dankie aan bogenoemdes vir dié maatreëls.

Díe Karnavalkomitee of Studenteraad is geen polisiemanne nie. Daarom is dit elkeen se morele plig om na hom/haarself te kyk.

Van ons kant vra ons mooi: Geniet Karnaval met volle oorgawe, maar ter wille van Stellenbosch én uself, moenie deur u swak gedrag 'n wrange smaak aan Karnaval gee nie. Selfs een enkele geval kan aanleiding gee tot 'n misopvatting van die gees wat tradisioneel by hierdie universitiet heers.

As ons ons beskawingspeil skade aandoen, is Karnaval geen aanwins vir ons nie. Die doel heilig nie altyd die middel nie! Geniet die Karnaval op 'n gesonde manier!

## REDAKSIE 1979

**HOOFREDAKTEUR:** LOUIS HEYNEMAN, Redaksiekantoor: Langenhoven-sentrum 436 en 438. (Tel. 5979) Christellahof 16, Victoriastraat. Boodskappe: Sekretaresse, Studenteraadskantoor, LSS (Tel. 3702).
**ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR:** KOBUS PIENAAR, Concord 24 (Tel. 2045).
**ADVERTENSIE-BESTUURDER:** PIETER IMMELMAN, Helshoogte A515. (Tel. 4380).
**AKTUELE REDAKTEUR:** JOHN VAN BREDA, Louwstraat 3. (Tel. 3578).
**NUUSREDAKTEUR:** JOHAN LÖTTER, Eendrag. (2137).
**INTERUNIVERSITÊRE REDAKTEUR:** MAARTEN MITTNER, Eendrag. (2136).
**SPORTREDAKTEUR:** KWARTUS SIEBERHAGEN, Dagbreek. (Tel. 3633).
**SOSIALE REDAKTEUR:** DEON VAN NIEKERK, Son Vida 205.
**KUNSREDAKTEUR:** ABEL PIENAAR, Paul Krugerstraat 2.
**TAALREDAKTEUR:** ANDRIES CALITZ, Die Laan 18.
**HOOFFOTOGRAAF:** MARIUS GREEFF, Van Riebeeckstraat 40. (Tel 4349).
**SUB-REDAKTEURS, NUUS:** ERIKA VAN ROOYEN, Hoflaan 14 en COENRAAD PIETERSE, Eendrag.
**SUB-REDAKTEUR, INTERUNIVERSITÊR:** GERHARD BARNARD, Majuba.
**SUB-REDAKTEUR, SPORT:** LE ROI STEENKAMP, Dagbreek (3633).
**SUB-REDAKTEUR, KUNS:** PAUL CILLIERS, Dagbreek.
**NUUSVERSLAGGEWERS:** Francois van der Merwe, Ilse de Villiers, Anton Kruger, Henk Rauch, Johan Müller, Nelis van Rensburg, Pieter van Niekerk, Bennie Zietsman, Agnes Hager.
**INTERUNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS:** Johan Swarts, Anton Bruwer, Koos Sieberhagen, Winifred Botha, A.D. van Niekerk.
**SPORTVERSLAGGEWERS:** Kobus Basson, Ian Theron, J.W. Loubser, J.P. Marais, Anne-Lise Lamont, Nico Roux, Barend Vos.
**SOSIALE VERSLAGGEWERS:** Mariette Streicher, Elbert Uys, Launa Marais, I. Naudé, Jeanne Jordaan, Deon Roussouw.
**KUNSVERSLAGGEWERS:** Maria Rautenbach, Morlette Lindsay, Japie Pienaar, Rachelle Greeff, Linda Jacobs, Willem Möller.
**FOTOGRAWE:** Piet Borman, Maarten Joubert.
**SPOTPRENTTEKENAARS:** Thomas Tyler, Koos van der Riet.
**VERSPREIDERS:** Wynand Fourie, Nico Steyn, C.L. van Schalkwyk.

# *uit die studenteraad*

JOHN VAN BREDA BERIG:

TEN spyte van verskeie versoeke aan al die SR-lede om 'n duidelike uiteensetting oor die rol van die SR, het die voorsitter, mnr. Jan de Wet, dit weer eens nodig geag om die SR hieroor te aktiveer. In 'n mosie onder 'dringende voorstelle' het mnr. de Wet die SR versoek om in kamera te vergader om finaal oor die rol van die SR uitsluitsel te kry.

*Die Matie* wil ook langs hierdie weg die hoop uitspreek dat daar nie langer hiermee gesloer sal word nie. Na verlede jaar se debat op die kampus is die SR dit aan die studente-unie verskuldig om nou met 'n duidelike beleid t.o.v. hul eie rol na vore te kom.

### EREKLEURE

Die mosie waarin mnr. Tollie Oosthuizen sy misnoeë oor die gedrag van sekere SR-lede op die uitspattige SR-partytjie verlede jaar uitgespreek het, het heelwat reaksie van die SR ontlok. Mnr. Oosthuizen het gevra dat drie van die vorige SR-lede en erekleure-draers, mnre. Fanie Berg, Leon Oosthuizen en Hannes Koegelenberg, hulle erekleure ontneem word. Ter motivering van dié mosie het hy gesê dat om die hoë eer van die erekleure te handhaaf, dit nodig sou wees dat bg. here se erekleure ontneem word.

Mnr. Piet Stofberg het gevoel dat daar nie onnodig kras teenoor nét drie van die lede opgetree moet word nie. Dié saak is in elk geval goed genoeg in die pers afgehandel. Mnr. Frans Roelofse het 'n amendament op dié mosie ingedien waarin die SR sy misnoeë oor die hele aangeleentheid uitspreek, maar nie die drie lede se erekleure ontneem nie. Die gewysigde mosie is met agt vir en twee buite stemming aanvaar.

### DRANKMISBRUIK

Mnr. Etienne Rabe het 'n mosie ingedien waarin die SR die Karnavalkomitee ten volle steun in hul poging om drankmisbruik tydens Karnaval te bekamp en 'n sterk beroep op die studente gedoen om ten opsigte hiervan saam te werk.

JOHN VAN BREDA GESELS MET

**MATIE — GESPREK**

# Poppie sit tonge aan die praat

ELSA Joubert se nuutste boek, *Die Swerfjare van Poppie Nongena*, is nie net in literêre kringe met groot belangstelling ontvang nie, maar het ook onder akademici hier op Stellenbosch 'n heftige polemiek ontketen. Heelparty akademici het hieraan deelgeneem, maar prof. J. Degenaar (Staatsfilosofie) en prof. S. Terreblanche (Ekonomie) was die diepste hierby betrokke. Alhoewel beide saamstem oor die geslaagdheid van hierdie werk as 'n getroue beeld van ons Suid-Afrikaanse samelewing, het verskeie punte van sieningsverskil by die twee professore na vore gekom.

Prof. Degenaar het afgeskop met die polemiek in *Die Burger*, waarin hy die groot bydrae wat Poppie Nongena tot die Afrikaner se politieke bewussyn gelewer het, geprys het. "Poppie Nongena het op 'n besondere wyse ons oë oopgemaak vir die 'strukturele geweld' in ons maatskappy". Volgens prof. Degenaar is "strukturele geweld" die diskriminerende wette wat deur die blankes gemaak is om die lewe van die nie-blanke te reguleer tot voordeel van die blanke wetgewers.

Prof. Degenaar het egter op 'n baie belangrike aspek gewys, naamlik dat hy die term in 'n figuurlike sin gebruik. Daarmee wil hy *nie* 'n morele regverdiging vir 'n geweldadige omverwerping van die status quo gee nie. Hy gee ook toe dat daar meer as bloot die politieke strukture betrokke is, maar sê dat die politieke die maklikste herkenbaar is i.t.v. geweld en verantwoordelikheid.

Wat sy persoonlike posisie betref, wys prof. Degenaar daarop dat hy hom nòg by die Afrikaner Establishment nòg by die Engelse Establishment tuis voel. As akademikus kies hy 'n "derde weg" waarin hy 'n kritiese houding teenoor beide kan handhaaf.

Prof. Terreblanche het met felle kritiek hierop geantwoord. Hy wys daarop dat prof. Degenaar met 'n baie gevaarlike neo-marxistiese term speel. Die term "strukturele geweld" dwing die gebruiker tot 'n morele regverdiging van 'n revolusionêre omverwerping van die status quo. Hy meen dat prof. Degenaar die term nie genoegsaam omskryf het nie en dat sy keuse vir evolusie teen revolusie hol klink.

Dan beskuldig hy prof. Degenaar van eensydigheid. Prof. Terreblanche wys vier strukture (politiek, ekonomie, kultuur en Derde Wêreld) uit wat baie nou vervleg is en nie ten koste van mekaar oorbeklemtoon kan word nie. Prof. Degenaar lê daarenteen te veel klem op die politieke struktuur.

Prof. Terreblanche het ook 'n aanval op prof. Degenaar se persoonlike posisie gemaak. Prof. Degenaar is nie konsekwent in sy keuse van 'n "derde weg" nie, omdat hy hom ideologies met die Engelse Establishment vereenselwig.

**John van Breda** het met beide professore gaan gesels n.a.v. hul polemiek om sodoende meer lig te werp op die probleme wat na vore gekom het.

*Prof. Degenaar, waarom het u juis van so 'n omstrede term soos "strukturele geweld" gebruik gemaak? Is daar nie soortgelyke begrippe waarvan u gebruik kon maak nie?*

Ek was verlede jaar besig met 'n filosofiese analise van die begrip "geweld". As onderafdeling het onvermydelik die gebruik van die term "strukturele geweld" aan die orde gekom. By die lees van Poppie Nongena het ek gerealiseer dat dit 'n goeie illustrasie is van wat met hierdie term bedoel word. Gesien die nie-marxistiese oorsprong van dié term is dit minder omstrede as wat die kritici voorgee. Nogtans het dit 'n skerpte wat doelbewus in die spel gebring is om die aandag van die leser te trek. Daar is geen ander woord wat as substituut kon dien vir 'n goeie metafoor nie.

'n Metafoor nooi die verbeelding uit om oor 'n verdere ontginning van die beskrywing deel te neem. So kon die strukturele geweld slaan op die struktuur se onregverdigheid, of hul stomheid, of hul onverbiddelikheid, of hul pynveroorsakende aard, of hulle vermoë om die verwerkliking van menslike moontlikheid te verminder, of hulle deurdringende bemoeiing, of die feit dat die onderdaan geen deel het in die vorming daarvan nie.

*Prof. Terreblanche is huiwerig om u metaforiese gebruik van dié term te aanvaar. Hy is van mening dat dit u sou dwing tot 'n morele regverdiging van 'n geweldadige omverwerping van die status quo. U antwoord hierop asseblief:*

Prof. Terreblanche ken verkeerdelik aan die metafoor slegs één betekenis, en dan nog boonop 'n marxistiese betekenis, toe. En dit is duidelik nie my bedoeling nie. Indien dit verkeerdelik só opgevat word, dan sou 'n mens kon aflei dat daar iets van 'n regverdiging van revolusionêre optrede in is.

My bedoeling is presies die teenoor gestelde, naamlik om 'n bydrae te lewer om gedagtes van geweldadige omverwerping uit te skakel deur dit wat daartoe aanleiding gee, naamlik die "geweld" van die strukture, doelbewus en sistematies teen te gaan.

*Een van prof. Terreblanche se hoofpunte van kritiek is dat u eensydig is in u hantering van die term strukturele geweld. Is dié kritiek geregverdig?*


Die kritiek van eensydigheid sou kórrek wees indien ek uit onkunde die ander strukture uitgelaat het of dit doelbewus sou ontken. Feit is egter dat ek met die moontlikheid van agt strukture gewerk het, naamlik die politieke, ekonomiese, sosiale, kulturele, etniese burokratiese, familie- en klas-strukture.

Maar ek het besluit om net één struktuur uit te lig, gegee die lengte van die eerste brief en die belangrikheid van die verbinding van die politieke struktuur met die verantwoordelikheid van die Afrikaner wat as stemgeregtigde burger die politieke mag in die hande het.

*Prof. Terreblanche is ook van mening dat u nie daarin slaag om werklik "los" te wees in u soeke na 'n "derde weg" van politieke onverbondenheid nie. In watter mate sou u sê het u hierdie "derde weg" konsekwent bewandel en*



PROF. J. DEGENAAR



PROF. S. TERREBLANCHE

*hoe effektief is dit om vanuit so 'n onverbonde posisie te werk vir verandering van die strukture?*

Die konsep van 'n "derde weg" het na vore gekom in aansluiting by 'n verskraling van politieke deelname tot die ongelukkige keuse tussen Afrikaner- en Engelse Establishment. I.t.v. hierdie vereenvoudigde teenstelling het ek reg op 'n derde weg, en meen dat ek dit konsekwent bewandel het.

Baie belangrik is dit om te realiseer dat politiek nie identies is met partypolitiek nie. Politiek is veel ruimer en het, onder andere, te doen met die soeke na regverdigheid en die handhawing van orde, "making and keeping life human" en hieraan kan ons almal vanuit verskillende hoeke deelneem. Dit geld vir my as onverbonde politieke filosoof, vir Elsa Joubert as skryfster, en vir alle nie-blankes wat nie in die verskoolde teenstelling van Afrikaner- en Engelse Establishment inpas nie. Sentraal tot die politiek is solidariteit met die veronregtes.

Effektiwiteit in die sin van direkte mag om strukture te verander (soos in die kabinet byvoorbeeld) het onverbondes natuurlik nie. Indirekte mag het ons almal wel, deurdat daar invloed van ons uitgaan — positief of negatief — t.o.v. gesindhede en die kweking van verant-

*(Vervolg op bl. 5)*

# GOEIE MENSEVERHOUDINGS-ELKE MATIE SE PLIG

"GOEIE gesindhede kom nie tot stand deur 'n regeringsverklaring of deur wetgewing nie — dit begin by die haarwortels van 'n samelewing in die dag-tot-dag kontak tussen mense." Dit was die woorde van die Vise-Rektor, prof. M.J. de Vries, tydens 'n onlangse huiskomitee-konferensie.

Hiermee het hy aansluiting gevind by 'n toespraak wat hy verlede jaar voor 'n aantal oud-Maties gelewer het. Hy het dit aan hulle gestel dat, hoewel hedendaagse studente blootgestel is aan die invloed van 'n strewe na materiële welvaart en tegniese vooruitgang ten koste van fundamentele waardes, Stellenbossers 'n gesindheid van positiewe en kritiese bevraagtekening openbaar. Die godsdienstige, morele en politieke lewe word deurdringend ondersoek met die oog op die funksionaliteit daarvan in die praktyk. Studente is meer toekomsbegaan en -georiënteerd en poog om 'n positiewe bydrae te lewer. Prof. de Vries het gevra dat die gemeenskap bewys sal lewer van hul vertroue in die studente en hulle sal help in hul soeke na blywende waardes.


### LEWENSWYSE MOET AANGEPAS WORD

Prof. de Vries het die probleemveld van die tagtigerjare vir die huiskomitees omlyn en terreine waar verbetering moontlik is, uitgewys. Aanpassing is noodsaaklik ten opsigte van ons werkswyse. Groter produktiwiteit word vereis — ook van studente — met die hoop om dit blywende inslag te laat vind. Ons lewenswyse moet aangepas word. Gesien teen die agtergrond van ons totale situasie, moet die verwagtinge wat deur 'n te hoë lewenstandaard geskep word, afgeskaal word. Uitvloeisels hiervan verskyn op ons kampus in die vorm van onnodige aanhou van motors (dikwels onwettig ook), min respek vir 'n ander se eiendom, onnodige en uitspattige funksies en dikwels oormatige drankgebruik.

### WAARDIGE OPTREDE NOODSAAKLIK

Ons denkwyse sal ook al hoe meer gelei moet word deur die eise wat ons land in 'n bedreigde posisie in 'n oorgangstydperk aan ons stel. Prof. de Vries het gevra dat positiewe klanke van Stellenbosch se studente en studenteleiers moet uitgaan deurdat takt, eerbied en respek ons persoonlike optrede moet oorheers. Ons moet besef dat onwaardige en onbeskofte optrede nie by 'n verantwoordelike burger en 'n Christen pas nie. Onwaardige gedrag, of die krenking van iemand se menswaardigheid, is 'n daad van sabotasie teen 'n vreedsame toekoms.

Die grootste voedingsbron van die Universiteit van Stellenbosch is die Afrikaanssprekende bevolkingsgroep. Die Universiteit het 'n verantwoordelikheid en roeping teenoor die Afrikanergemeenskap om rigting aan te dui. Stellenbosch se krag as vormingsentrum is daarin geleë dat hy enersyds vervreemding van sy voedingsbron vermy en andersyds die moontlikhede van die Afrikanerwaardes en -tradisies met intellektuele waagmoed ontgin en tot 'n ryker en meer universeel-geldige inhoud ontwikkel.




*... En toe sê Jan vir my: "Hoekom sal ons die enigstes wees wat nie 'n vlot het nie?"*

# Twee professore verskil skerp oor "Strukturele Geweld"

*(Vervolg van bl. 4)*

woordelike politieke bewuswording. Poppie Nongena behoort nòg tot die Afrikaner Establishment nòg tot die Engelse Establishment, maar laat ons nie die fout maak om die politieke relevansie van hierdie menslike boek te onderskat nie.

*Prof. Terreblanche: U sê dat* Poppie Nongena *vir ons vernaamlik vier strukture van ons samelewing blootlê. Hiervan sê prof. Degenaar is die politieke struktuur die maklikste om te herken in terme van geweld en verantwoordelikheid. Sou u ook aan enige van dié strukture 'n swaarder gewig wou toeken?*

Ek stem beslis nie met prof. Degenaar saam dat geweld en verantwoordelikheid makliker in die politieke struktuur herkenbaar is nie. Soos gewoonlik verskaf hy geen redes vir hierdie tipiese Degenaar-veralgemening nie. Sy stelling herinner sterk aan die propagandaset waarmee die English Establishment ons in veral die vyftigerjare om die bos probeer lei het. Ek verwys na die ou (en lank reeds gediskrediteerde) liberale standpunt as sou die ekonomie 'n amorele terrein wees (omdat ekonomie se wetmatigheid glo daar geld!) en as sou morele oorwegings net op die politieke terrein ter sprake kom! My standpunt is dat morele oorwegings op elke terrein van die menslike lewe ter sake is en oral dieselfde waaksaamheid ten opsigte van ons verantwoordelikheid verg.

U vra of ek aan een van die ander strukture (bv. die ekonomiese) 'n swaarder gewig wil toeken as aan die politieke struktuur. Alhoewel ek graag toegee dat die inisiatief vir evolusionêre verandering steeds vanuit die politieke struktuur sal moet kom, wil ek die swaarste gewig nie aan een van die geïsoleerde strukture toeken nie, maar wel aan die geheel of die gesamentlike struktuur van die Suid-Afrikaanse probleemsituasie.

Ek het dit in my tweede brief onomwonde gestel dat mense wat hulle vir diepgaande en omvattende strukturele veranderinge op 'n *evolusionêre* wyse beywer, bewys moet lewer dat hulle 'n gebalanseerde totaalbeeld van ons probleemsituasie kan vorm. Prof. Degenaar se oorbeklemtoning van die politieke struktuur (ook in die drie briewe wat hy geskryf het ná ek hom vriendelik versoek het om dit nie te doen nie) het bewys dat hy nie só 'n geheelbeeld kan vorm nie. (Hy het darem self toegegee dat sy kennis van ekonomiese en Derde Wêreldaangeleenthede so ontoereikend is dat hy die beperkings wat deur die "dwang" van hierdie strukture in die weg van politieke verandering geplaas word, nie na wense kan peil nie).

Sonder 'n totaalbeeld en sonder kennis van die onderlinge vervlegting van strukture kan 'n mens natuurlik nie die "trade-offs" definieer wat gemaak sal moet word om langs evolusionêre weg na groter verteenwoordiging en regverdigheid te beweeg nie. Praktiese voorstelle omtrent watter (pynlike) opofferings gemaak sal moet word ter wille van 'n humanisering van byvoorbeeld die politieke struktuur is dan ook opvallend afwesig in prof. Degenaar se briewemarathon. Dit is dan ook geen wonder dat sy eensydige en ongespesifiseerde pleidooie landswyd so 'n sterk kontraproduktiewe effek gehad het nie.

*Prof. Degenaar het dit duidelik gestel dat hy die term "strukturele geweld"*

*(Vervolg na bl. 6)*

## Neem Kennis

GEDURENDE die vakansie het 'n hele paar redaksieposte vakant geraak. Aansoeke om die volgende poste word ingewag:

**Advertensiebestuurder**
**Sub-redakteur, Sport**
**Drie sportverslaggewers**
**Sosiale verslaggewer**
**Fotograaf**
**Sekretaresse**

Hierdie is 'n gulde geleentheid vir almal wat joernalistieke ondervinding wil opdoen. Rig aansoeke met toepaslike ondervinding asook die redes waarom u in so 'n pos belangstel aan: Die Redakteur, *Die Matie*, LSS. Die sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag, 8 Maart 1979.

**Eerstejaar-studente is welkom!**

'n VAKATURE het ontstaan op die Publikasiekomitee. Belangstellendes moet hul aansoeke rig aan die Voorsitter, Publikasiekomitee, Studenteraadskantoor, L.S.S., Stellenbosch.

**Aandag alle Maties!**

Prof. Louw van die Dept. Staatsleer sal op Woensdag 28 Februarie 'n SAAK vergadering oor die Toestand in Iran toespreek. Die vergadering vind plaas in die leeskamer van die L.S.S. en sal om 1.20 nm. in aanvang neem.



# perspektiewe en dinge

'n RESTAURANT is 'n interessante plek; vra my, ek weet. Gedurende die vakansie het ek 'n poging aangewend om 'n paar sente in so 'n eetplek te verdien. Een van die hongeriges, 'n Switser, sal ek nog lank onthou.

So tussen sy gebroke Engels en my skerwe Frans deur, begin ons toe bietjie gesels oor Suid-Afrika en al sy toeriste-wonders. Tot my spyt moes ek as Kapenaar, gebore en getoë in die Boland, toegee dat ek maar min van die besienswaardighede self gesien het. Ons is net so gewoond aan die veelbesproke wonders om ons as die Stellenbossers aan studente. 'n Ou gebou in die middel van die florerende sake-area is dikwels net so 'n oorlas as wat studente blykbaar vir ons dorp se verkeerspolisie is.

### KNAPITALISME

Laat ek eers terugkeer na die Switserse oubaas met sy kierie en wit hoed. Die res van Suid-Afrika – Johannesburg, Pretoria en die Kruger-wildtuin is toe ook by die gesprek betrek. Die ouerige man was nie van plan om al die blink plekke van ons land te besoek nie, "want sien", het hy in Frans gesê, "je suis knapitaliste", Die basis van die woord is natuurlik afkomstig van die Duitse woord "knapp".

Die omskrywing "knapitalis" het my dadelik aan studentwees laat dink. Om op Stellenbosch te wees beteken vir baie van ons 'n knapitalistiese lewenstyl. Ek behoort seker te sê dit geld vir 'n groot klomp van ons.

### WAAR'S DIE DAE?

Dinge raak nie juis goedkoper nie; waar's die dae toe my ma my met 'n tiensent winkel toe gestuur het om 'n brood te koop – dit nogal met die woorde: "Bring terug die kleingeld, hoor"? Studentwees is nie meer net sorgvrye dae langs Coetzenburg se waterstroom nie – dit kos reeds baie en gaan nog meer kos in die nabye toekoms.

Studiekoste word dikwels slegs gemeet aan klas- en losiesgeld en 'n boekwinkelrekening of twee. Daar is natuurlik meer as dit; dink maar aan die Karnavaldanse (wat elke jaar so 'n rand of twee duurder word), petrol, partytjies en plesierwyn. Ek wens dit is

**kobus pienaar**

al wat ek nou kon noem. Sonder al die lekker kan studentwees ook nie juis "studentwees" genoem word nie. 'n Mens is immers net een maal jonk en ook net een keer jonk op Stellenbosch.

Ons moet egter almal begin knapper werk met die sakgeldjies. Het u al die woorde "soli deo gloria" op 'n randmunt raakgesien? Draai die muntstuk so 'n slag in u hand om en kyk hoe die wapen van ons land lyk voordat u daardie onnodigheidjie koop. (Ek klink seker nou soos 'n Bonus-obligasie-advertensie, maar dit is waar.) Geld het maar min waarde as ons met luuksheid en gemak grootgeword het.

### HERKOU MAAR HIERAAN

Beoefen knapitalisme en verhoed kommunisme. Ek het seker nie die grootste fooitjie van die Switser ontvang nie, maar hy het my iets gegee om te herkou en ek hoop om nie die koutjie uit te spoeg nie.

### MOEITE KAN LEKKER WEES

Die Karnaval is niks anders as diefstal helder oor dag nie; altans, so sê baie van ons. Mense kla dat daar nie 'n end is aan die melkery nie.

### HOOFDOEL VAN KARNAVAL

Die organiseerders van die Karnaval raak byna fanaties oor hul sukses-obsessie. Vir hulle gaan dit seer sekerlik nie oor die plesier wat die studente daaruit kan kry nie (in elk geval nie in die eerste plek nie). Nee my liewe lesers, u sal weet waarom dit gaan. Dit is ook reg so, want dít is die hoofdoel van Karnaval.

Die groot probleem is dat daar sommige van ons is wat mal genoeg is om al die werk te doen. Andere sit soos parasiete en wag; miskien is daar tog iets te ase. Aan die spanpoging dink diesulkes min of nooit.

Een van ons SR-lede het vir ons 'n goeie voorbeeld gestel deur sy aktiewe deelname. Hy put plesier daaruit om diens te doen aan sy gemeenskap. Hoewel hy hard besig was om te werk aan die totstandkoming van ons eie *Radio Matie* (wat eersdaags in werking sal tree), het hy kans gesien om deel te neem aan sy koshuis, Libertas, se reklame-set. Hy was een van sewentien wat van Pretoria tot onder in Stellenbosch gedraf het om die land bewus te maak van ons Karnaval. Asof dit nie genoeg is nie, het hy, man alleen, meer as 300 *Akkerjolle* verkoop. Dit is meer as wat die meeste van ons kan sê.

### DIE MAKLIKSTE PAADJIE

Ons kla maklik oor die duur motorkompetisie-kaartjies en bring die boekie vol-vol terug Stellenbosch toe. Ons los die *Akkerjol*-verkope vir die eerstejaars, want dit is benede ons waardigheid om op die straathoek te staan en elkeen wat voorkom by te dam. Dit lyk vir my ons word bang dat moeite dalk lekker kan raak. Daar moet mos altyd iets wees om oor te kla.

As ons SR-lede sulke voorbeelde kan stel, het dit darem laat in die aand geword vir die sommiges wat steeds weier om betrokke te raak.

---

*(Vervolg van bl. 5)*

*metafories gebruik en daarom nie 'n geweldadige omverwerping van die status quo voorstaan nie. U is nogtans huiwerig om die aard van die diskriminerende wette op politieke terrein met dié term te beskryf. Hoekom?*

Geweld is 'n woord met 'n sterk emosionele lading. Sulke woorde is uitgeknip vir demagogiese doeleindes. Selfs al bedoel prof. Degenaar nie om die omverwerping van die bestaande orde met sy "metaforiese" gebruik van die woord te regverdig nie, kan hierdie gebruik in ons gekompliseerde samelewing gevaarlike kragte losmaak, kragte wat ordelike en vreedsame veranderinge ernstig kan ondermyn. Ek het my nog altyd verset teen enige optrede of taalgebruik, uit watter oord ook al, wat na my mening geweldadige konfrontasie in ons land in die hand kan werk. Mense wat van geweld praat, moet daarmee rekening hou dat die chaos wat uit so 'n konfrontasie sal voortspruit, vir al Suid-Afrika se inwoners 'n potensiële rampspoed inhou wat waarskynlik sonder historiese analogie sal wees.

'n Mens moet nie net vra na die bedoelinge waarmee 'n woord gebruik word nie, maar ook na die moontlike uitwerking daarvan. As ek prof. Degenaar se skoktegnieke in die gebruik van die term "strukturele geweld" as 'n vorm van "terrorisme" bestempel, sal hy seker ontstellend reageer. Ek sou my teen sy kritiek kan verweer deur te sê dat ek dit maar net in die metaforiese sin van die woord bedoel. My verontskuldiging sal my egter nie van blaam onthef indien ander mense aan prof. Degenaar daardie soort behandeling gaan uitmeet waarmee dade van terrorisme normaalweg mee bekamp word nie. Dit is een ding om 'n term soos "strukturele geweld" in 'n relatief ongevaarlike samelewingsopset soos dié in Wes-Europa of die VSA rond te gooi. Dit word 'n perd van 'n ander kleur as 'n akademikus van naam dit doen in die pruttende kookpot van die Afrika-konteks. *Sou u dié term gebruik om die knellende karakter van strukture op ekonomiese terrein te beskryf?*

Soos uit my vorige antwoord blyk, is ek hoegenaamd nie gewillig om die term "geweld" te gebruik om die strukture op òf die politiek òf die ekonomiese terrein te beskryf nie. Ek verkies om eerder van die "wetmatigheid" of "dwang" van die betrokke strukture te praat. Die "dwang" wat in die relevante strukture teenwoordig is, kan as "onverdedigbaar", "ongewens", "verwyderbaar", "onmenswaardig" of in meer positiewe terme gediagnoseer word. In 'n moderne, geordende gemeenskap kan die "onverdedigbare" en "onmenswaardige dwang" van die bestaande strukture natuurlik nie holderstebolder en oornag verander word nie. Ek is egter baie sterk ten gunste van ingrypende en omvattende strukturele veranderinge waardeur die heersende strukture langs evolusionêre weg "gebuig" moet word om meer humane en regverdige strukture te skep.

Die tempo van die proses is egter uiteraard van deurslaggewende belang. As dit vir 'n te lang tyd te stadig is, kan dit tot geoorloofde ontevredenheid en periodieke opstand lei. As dit egter weer te vinnig is, kan "trade-offs" geforseer word waarvan die sosiale koste die sosiale voordele te ver oortref. Dit kan tot ontwrigting en selfs tot chaos lei. Dit is seker die les wat Iran ons leer. Maar wat Suid-Afrika betref, is ek egter van mening dat daar nog heelwat ruimte is om die proses van strukturele verandering te versnel. Ek het dan ook gewaarsku dat ons nie durf toelaat dat daar langer gras onder ons voete groei nie. In ons onvermoeide ywer om die gewenste tempo van strukturele veranderinge te bepaal, is onderhandelingspolitieke natuurlik onvermydelik — maar dit is nog lank nie die alfa en die omega nie.

*Beide van u staan "humanisering" en "strukturele verandering" voor, maar tog verskil u benadering fundamenteel van prof. Degenaar s'n. U verkies om van binne 'n bepaalde politieke party (die NP) te werk, terwyl prof. Degenaar "los" van enige party te werk wil gaan. Wil u nie meer uitbrei oor die effektiwiteit van beide benaderings nie?*

Ek glo nie prof. Degenaar se strategie word korrek getipeer deur te sê dat hy "los" van enige politieke patry te werk gaan nie. Miskien is die verskil tussen my en sy benadering nie soseer in ons onderskeie strategieë geleë nie, maar wel in die wyse waarop elkeen van ons ons strategie aanbied. Ek is bereid om my kaarte op die tafel te sit en my verbondenheid sonder doekiesomdraai bekend te maak.

Prof. Degenaar is klaarblyklik nie daartoe bereid nie en maak daarop aanspraak dat hy 'n onpartydige en "vryswewende intellektueel" is.

Alhoewel ek binne 'n bepaalde raamwerk werk en dit prontuit erken, het ek 'n lang rekord van kritiese opmerkings na links en na regs ten opsigte van persone, instansies en standpunte wat sowel binne as buite hierdie raamwerk staan. Prof. Degenaar sê daarenteen dat hy onverbonde is en buite enige politieke raamwerk staan, maar sy kritiek vertoon so 'n opvallende eensydigheid en selektiwiteit dat dit sy beweerde onverbondenheid — wat my betref — baie verdag laat voorkom. Hy sou aan geloofwaardigheid kon wen indien hy die briewekolomme in die Engelstalige koerante sou gebruik om die opvallende leemtes in die nuwe PFP-grondwet aan die kaak te stel. Iemand met 'n pen so skerp soos syne (en oor 'n onderwerp waarvan hy wel kennis dra) sal die seile van die Van Zyl Slabbert-skippie tog met 'n enkele briefie slap aan flarde kan laat hang.

---

## Ou Wyn in Nuwe Vate . . .



HY *het so baie tyd vir 'n ander.*

Kan daar iets mooier van 'n mens gesê word? Met jou tyd, stel jy jou kosbaarste besitting tot 'n ander se beskikking. Want die tyd wat jy gee, is onherroeplik; jy kry dit nooit weer terug nie. Om tyd te gee, is daarom om 'n deel van jou lewe te gee.

Dit leer God ons ook. Hy het altyd tyd vir 'n mens. Die Bybel praat van 'n God wat nooit haastig is nie; wat net een maal aan die hardloop gaan – en dan om Sy verlore seun met grenselose blydskap terug in die Vaderhuis te verwelkom. In Christus leer ons Hom ken as die Goeie Herder wat Sy hele lewe – en daarom ál Sy tyd – vir Sy skape aflê.

**ANTON VAN NIEKERK**

---

# The other side of the mountain (12)

SO far we have had "Jaws II", "The Revenge of the Pink Panther" and "The Return of the Saint", so I hope you won't mind my jumping onto the bandwagon with "Sisyphus Reincarnated"? After all, if the powers above could never succeed in bumping our hero off in mythology, why should they manage to do so now? Although Sisyphus never did establish himself as darling of the underground, Hades and his cronies held a healthy respect for our lad. When he rolled his rock up the mountainside, many people thought him foolhardy because it was his destiny that the rock should never reach the top of the mountain. What made Sisyphus a memorable figure, however, was that he never forsook his rock.

In similar fashion, his modern counterpart makes no claim to popularity, nor believes his influence on Maties is anything other than peripheral. But as a believer in narrow profit margins, he hopes that by offering perspectives which differ from the one that envisages the student as a sweet creature who is entitled to fiddle while his country is burning, he will knock a chip or two from that wall of complacency. Let us listen to his New Year's resolution.

"Wherever the spectre of asanine authority lifts its head, I want it to be seen. And if, as has happened in the past, first-year girls are not allowed to attend an evening dinner with the Italian consul even after the formal request of a professor, I want students to be made aware of this gross unfairness. When chairmen of societies and editors are threatened *in camera*, I want students to know what is happening behind their backs. And when a "huiskom" deliberately passes a resolution without the knowledge or assent of the house, I will try and expose it. Rhoodie-Muller power cabals must out if there is to be any "oop gesprek".

"Secondly, I will run against the tide of popular sentiment if such sentiment is based on blind faith rather than reason. Clichés I will return in kind – with a dash of spice and just a wee droppie poison for good measure. I am sick and tired of having to listen to dogmatic eulogies on the free-enterprise system, the Church, and separate development; and if my writing smacks from time to time of Marxism, atheism or liberalism, (a strange combination! ) it should be seen in this light.

"Finally, I shall be taking a closer look at some of the things which make Stellenbosch unique. It is almost as if we form an island between the two mainstreams of South African life: on the one hand one finds the English-speaking materialists who see everything in terms of £.s.d. (oops, sorry! ) rands and cents, while on the other hand there are the Afrikaner nationalists who see everything in terms of Identity. But even an island has its disadvantages. Sometimes it is simply too quiet. We have, for instance, a particularly bad dose of the "Sunday Menace" virus. Suddenly bed seems a better proposition than deserted streets, inactive tennis courts and closed pubs. Yet, for the life of me, I cannot understand why it is that everyone must freak out on rugby during the week and get drunk on Saturday, while the same people shrink from playing sport and drinking moderation on Sunday. What I suggest is –"

'Nuff said! ' That's Sisyphus in a nutshell. And when he gets a little worked up even over small things, don't be too harsh on him. After all, aren't passion and "pret" the prerogative of the student?

**JOHN McCALLUM**

# What we need is a change of attitude

PETER VAN RYNEVELD writes:

LEES die volgende bewerings of uitroepe:

- "Die Kleurling raak so dikwels dronk".
- "Al ding wat die swartman wil hê is 'n paar vroue en 'n pondok in die tuisland. Hy is nie winsgeoriënteerd nie."
- "Jou Hotnot! "

Onwaarhede? Veralgemenings? Afbrekende uitroepe? Amper elke dag op Stellenbosch hoor 'n mens hierdie tipe stellings, asof hulle aanvaarde feite van die samelewing is. Nee, dit behoort nie so te wees nie. Is daar nie iets verkeerd nie? Soos Shakespeare geskryf het: 'Something is rotten in the State of Denmark'.

At a SAAK meeting last year a young African girl, who was a member of the Mowbray Inter-Race Group, told the pathetically small number of Maties who attended the meeting, why she was sad. Speaking in English, she explained: we white people who run the country think we know what is best for the Africans, the Coloured, the Asians and the Whites in South Africa. We think we know how the 'average' African thinks, how he does not need much money, how he is happy to walk to work, how he likes to drink a lot, and so on. She was sad that we who are educated people think that way, because it is not so. Many Africans have the same hopes and aspirations that white people have. They want to own a decent home and a car, and to have their family with them. They are after all people. And, like us, they would like to be treated as people, not as second or third class humans.

### POPPIE'S STRUGGLE

Much has been written and discussed recently about Elsa Joubert's book "Die Swerfjare van Poppie Nongena". The story deals largely with Poppie's struggle to find stability and security for herself and her family within the system of apartheid. It is not intended to be a political book. Elsa Joubert says: "My purpose was to break a barrier of ignorance" (*Argus* January 16). The book is based on a true story.

Many people have responded to the book. A woman in hospital wrote to Elsa Joubert saying that she saw the person who served her tea in a different light – that she was a person, not just a worker. "They see black people as fellow citizens and human beings" (*Argus* January 16).

This is my point: as was realized in Denmark, something has to change, and what is needed in South Africa is a change in *attitude* between South Africans; it is a change that must come from the heart as well as the mind. A society ultimately depends not upon the rules of that society, but rather upon the people who make the rules. We in South Africa are not perfect people, but we claim to belong to a society based on Christian principles, one of which is love your neighbour as you love yourself". Whom do you regard as your neighbour?

Surely then, our great need in South Africa at present is to break down many of the barriers of ignorance and preconceived ideas that exist between our different racial groups. I wonder if it is not apartheid – in schools, residential areas, cinemas, beaches, etc. that is the rule which prevents us from destroying the rot that has set into our society.

*(To be continued – Editor.)*



*'n Aantal van die sewentien moeë Libertassers draf die laaste skof van hul lang tog tussen Pretoria en Stellenbosch. Die privaatwyk, Libertas, het 'n moedige drafpoging aangewend om reklame te maak vir die Karnaval. Die afstand van sowat 1 600 km is binne 'n week afgelê; spanlede het mekaar elke vyf kilometer afgelos. Besoek is afgelê by die onderskeie dorpe langs die pad. 'n Boodskap van die burgemeester van Stellenbosch is aan sy ampsgenote oorhandig. Die Eerste Minister, mnr. P.W. Botha, en ander kabinetslede het die drawwers by hul aankoms op die plaas Libertas, net buite Stellenbosch, ingewag.*

# STUDENTE ONGEPOETS BY AKKER

DIE STUDENTEBELANGEKOMITEE skryf:

VANWEË probleme wat ontstaan het, word 'n vriendelike beroep op studente gedoen om, wanneer hulle De Akker besoek, te let op hulle gedrag en veral waar hulle parkeer. Huiseienaars in Hertestraat (die straat uit Dorpstraat) word baie verontrief deurdat voertuie in hul motor-ingange geparkeer word. Oorkant De Akker, by die motorhawe, is heelwat parkeerplek.

Ons vertrou dat u ook in hierdie opsig saam sal werk, sodat die permanente inwoners van Stellenbosch ook in ag geneem sal word.

**HAUM**

*Die student se boekwinkel*

Trustbankgebou
Andringastraat
Stellenbosch
7600

TEL. 4440 2906

Posbus 343

**samancor**

**B.Sc. GEGRADUEERDE**

**Ferrometals Beperk,** 'n gevestigde Maatskappy in die vervaardiging van Ferrochroom en -silicon beskik oor vakatures vir Produksie Ingenieurs by hul allooibedryf, die grootste van sy soort, te Witbank in die Oos-Transvaal, die snel-ontwikkelendste nywerheidsgebied in Suid-Afrika.

U is 'n entoesiastiese persoon wat . . .

- die Nuwejaar tegemoet gegaan het met beginselvaste voornemens om u inhiberende strewes na ontwikkeling, vooruitgang en vordering tot die uiterste na te streef;
- besef dat u kennis en gehalte van u werk "verkoop" kan word teen 'n hoogs – mededingende prys;
- U graadstudie met toewyding geslaag het.

Die Maatskappy bied: . . .

- ⋆ 'n Salaris onderhandelbaar tot R15 516 per jaar;
- ⋆ bereidwilligheid om u beursverpligting oor te neem, onderhewig aan sekere voorwaardes;
- ⋆ 6% per jaar behuisingsverband tot R30 000;
- ⋆ aantreklike Maatskappybehuising teen R40,00 per maand;
- ⋆ finansiële bystand met die vervoer van u meubels;
- ⋆ 'n Verlofbonus gelykstaande aan 'n maand se basiese verdienste.

Ondervinding is nie van oorwegende belang nie aangesien gespesialiseerde opleiding aangebied sal word.

Gryp hierdie geleentheid aan en tree dadelik in verbinding met:–

**DIE PERSONEELBESTUURDER**
**Ferrometals Beperk**
**Posbus 576**
**WITBANK**
**1035.**
**Telefoon: 01351 – 2733**

# FEESJAAR : OOK VIR MATIELAND SPORT?

OP verskeie gebiede het die jaar 1978 gesorg vir hoogtepunte. Die Matie-rugbyspan het, met die uitsondering teen die Tukkies, al hul wedstryde gewen. Ook by verskeie inter-universitêre toernooie het die Maties hier uit die Suide hul stem dik gemaak. Nou is dit egter 1979 – en wat lê voor? Juis omdat dit vanjaar die 300ste bestaansjaar van Stellenbosch is, glo ons dat elke sportman sy kant soveel te meer sal bring. Ons kan met reg uitsien na 'n groot jaar op sportgebied en niemand sal ons kwalik neem as ons verwag dat vanjaar een van die grootste sportjare in die geskiedenis gaan wees nie.

**Die grootste gebeurtenis vanjaar is waarskynlik die inwyding van die Danie Craven-stadion. Die Maties sal alles in hul vermoë doen om in hierdie debuutjaar op hul nuwe hoofkwartier, verder te verbeter op verlede jaar se prestasies. Volgens dr. Craven wil hulle baie graag albei Intervarsities wen, veral dié teen die Tukkies.**

### STAATMAKER

Alhoewel verskeie bekende spelers soos Bernard Pienaar (Tukkies), Schalk Burger (O.P.) en Hannes Pretorius (O.P.) die klub verlaat het, het die staatmaker Hennie Bekker weer by die klub aangesluit. Die Maties sal egter steeds 'n slotprobleem hê. Oor die algemeen lyk dit asof die jaar met vertroue binnegegaan kan word. Die manne is reeds hard aan die oefen.

### ATLETIEK

Die belangrikste deel van die seisoen begin nou met al die groot byeenkomste wat plaasvind. Al die ou staatmakers is weer terug op Stellenbosch en onder die eerstejaars, veral die dames, is daar heelwat talent. Met atlete soos Julian Marsay, Andries Krogmann, Danie Goosen, Danie Malan, Johan Dreyer, Aneen de Jager, Annelise Kuun en Patsy Sharples sal die Maties weer die middel-afstande oorheers. In die ander nommers lyk sake nie ewe rooskleurig nie, maar daar is moontlikhede.

### BOKS

**Die groot byeenkoms van die jaar – die interkoshuistoernooi – vind op 30 Maart in die D.F. Malan-sentrum plaas. Die belangstelling is vanjaar groter as gewoonlik en 'n kwaai stryd word verwag.** Vir die mense by die boksklub is dit belangrik dat die persone wat by hulle aansluit toegewyd sal wees. Hulle stel dus nie in getalle belang nie, maar net in mense vir wie hul boks 'n erns is.

### MUURBAL

Volgens mnr. M. Procter, voorsitter van die Muurbalklub, spog die klub vanjaar met verskeie aanwinste onder die eerstejaars. Veral onder die dames lyk die prentjie belowend. 'n Eerstejaar, wat volgens mnr. Procter nog baie van haarself sal laat hoor, is Paula Schonken, 1978 se W.P. O-18 kampioene. Onder die mans het Philip Ellis, wat verlede jaar vir die S.A. B-span gespeel het, hom ook by die klub aangesluit. Verskeie ander provinsiale spelers het ook by die klub aangesluit.

### TAFELTENNIS

Vanjaar ding die eerste span in die W.P. se eerste liga mee, wat sal meebring dat daar baie harder gewerk sal moet word. Die Intervarsity vind vanjaar op Stellenbosch plaas en die Maties sal alles in hul vermoë doen om te sorg dat die Ikeys met die kous oor die kop huis toe gestuur word. Die eerste groot toernooi vind reeds van 19 – 21 Maart plaas. Sowat tien Maties sal Stellenbosch verteenwoordig.


### BRANDERRY

Dié jong klub het nou sy babaskoene ontgroei en staan nou stewig op sy bene. Hulle verwag baie van die jaar 1979 en wil graag verbeter op die prestasies van die verlede. Almal wat belangstel in "surfing" is baie welkom by die klub. Lede van die klub put verskeie voordele daaruit en ledegeld bedra 'n minimum.

### FIETSRY

Met die samesmelting van die Stellenbosch- en die Van der Stel-klub het die nuwe klub ongeveer 20 aktiewe fietsryers en die belangstelling loop hoog. Hierdie klub, wat beskik oor goeie ryers soos Wimpie van der Merwe en Hans Degenaar, wil vanjaar nog die beste klub in die W.P. word.

## Rugby-droom



*Menige student sien waarskynlik daarna uit om hierdie gesig te aanskou as hy op 'n Saterdagmiddag hom na Coetzenburg begewe om die Maties in die nuwe Danie Craven-stadion in aksie te sien. Die inwyding vind op 31 Maart 1979 plaas.*

# *Staatmaker Marsay die een-uur-ster*

DIE Springbok-atleet Julian Marsay het verlede Donderdagaand tydens die Boland Bank uurbyeenkoms op skitterende wyse 'n nuwe S.A. rekord in die 3 000m opgestel. Sy tyd van 7min 48,7sek is 'n verbetering van 0,9sek op Ewald Bonzet se S.A. rekord. Hy het met twee van Suid-Afrika se beste langasems, Matthews Motshwarateu en Matthews Batswadi, afgereken. Andries Krogmann, wat 'n welkome terugkeer tot die atletiekbaan gemaak het, was in die 4e plek.

Julian Marsay het goed kopgehou en op 'n baie slim wyse die wedloop ingepalm. Hy het van die begin af voor gehardloop teen 'n baie konstante pas. Loop-en-val het in die 4e rondte soos 'n besetene weggebreek en die bondel ver agtergelaat. Marsay en Batswadi het hom egter geleidelik ingehaal en met nog 800m oor het Marsay weggebreek en die hele Coetzenburg op sy voete gebring. Loop-en-val kon Julian nie inhaal nie en Julian wen op oortuigende wyse die 3 000m in die nuwe rekord-tyd. Andries Krogmann eindig vierde in 'n goeie tyd van 8min 6sek. Johan Dreyer was vyfde.

Maandagaand op die Sanlam uurbyeenkoms het die wind Julian gekortwiek om 'n goeie tyd in die 3 000m hindernis aan te teken. Hy wen in 8min 49,9sek met twee Maties, Johan Daffue en E. van Eck, onderskeidelik derde en vierde.

### VROUE

Twee nuwelinge onder die vroue het ook puik gehardloop. Patsy Sharples kom tweede na Sonja Laxton wat ook 'n nuwe S.A. rekord van 9min 6,5sek in die 3 000m vir vroue opstel. Derde was die ander nuweling Annelise Kuun, beter bekend as 'n 800m en 1 500m atleet. Albei Maties se atlete het die vorige provinsiale rekord verbeter.

Annelise Kuun het Maandag op die Sanlam uurbyeenkoms 'n baie goeie derde plek na Aneen de Jager en Sonja Laxton behaal in die 1 500m. Aneen het in sterk wind 'n goeie tyd van 4min 27,8sek behaal.

In die kort naellope het Bertie de Wet – ook 'n nuweling op die Akker – goeie tye behaal. In die 200m was hy tweede met 21,9sek na Willie Smit en in die 100m was hy derde, met 10,7 sek. Gerald Gray sukkel nog om op dreef te kom. Willie Loots het die 400m in 47,8sek gewen maar moes met 'n derde plek in die 200m tevrede wees.



*JULIAN MARSAY*

**Van Bertie de Wet gaan ons nog baie hoor. Hy het Maandagaand tweede na Wessel Bosman in die 200m gekom. Hy het Willie Loots nou in twee agtereenvolgende wedlope gewen.**

Danie Goosen en Danie Malan was Donderdagaand ondderskeidelik eerste en tweede in die 800m na 'n spannende tweestryd oor die laaste 100m. Met die sterk wind Maandagaand was die 800m se tyd nie baie goed nie. Danie Goosen het egter weer gewen met Lourens Erasmus tweede. In die hekkiesnommers het die Maties ook nou twee goeie atlete nl. Kobus Dippenaar en Kobus Visser.

Dit lyk of die Maties se veldnommers baie verbeter het. Johan Oosthuizen was verlede Donderdagaand tweede in die spiesgooi na Herman Potgieter, maar reken in die proses met die Tukkie Koos van der Merwe af. Maandagaand het twee Junior Maties puik presteer in die spiesgooi. De Wet het sy beste afstand van 68,66m behaal. L. Olivier het tweede gekom, maar hy het verlede Saterdag sy beste ooit behaal met 'n puik 76m.

Isak Kotze het in die skyfwerp sy beste afstand ooit op Maandagaand se byeenkoms behaal. Hy het met 'n afstand van 60,38m gewen. Hansie Booysen het egter die gewigstoot gewen met Isak Kotze tweede. Tydens die Boland Bank byeenkoms is die paalspring deur E. Franken gewen met twee spanmaats in die tweede en derde plekke.

### DIEPTE

Die twee aande se atletiek het getoon dat daar nou weer 'n oplewing in Matie atletiek is. Lanklaas het soveel Maties so puik op die uurbyeenkomste presteer. Veral onder die mans is daar nou meer diepte. Na verlede jaar se Dalrymple kan Maties nou weer kans sien vir die Matie-Tukkie Intervarsity.




### DEUR KWARTUS SIEBERHAGEN

DIE inwyding van die Danie Craven-stadion in Maart is vanjaar die grootste sportgebeurtenis op Stellenbosch. Van heinde en verre kom rugbyspelers, oud-spelers en administratiewe beamptes vir die opening en om hulde te bring aan een van die grootste sportgeeste van ons tyd. Dit is te betwyfel of die waarde wat "Dok" vir rugby op Stellenbosch en in Suid-Afrika het, ooit bepaal sal kan word.

Maar het die rugbyklub nie met die bou van die stadion 'n presedent geskep nie? Sal van die ander klubs nie nou ook met eise kom om ook vir hulself beter fasiliteite te verkry nie? Hier dink ek veral aan die deelnemers aan watersport. Hulle het wel 'n swembad tot hul beskikking, maar dit dateer uit die jaar toet. Hoekom is daar nie 'n Olimpiese-grootte swembad, wat ook deur die gewone student gebruik kan word nie? Hierdie gebrek aan die nodige geriewe vir watersport in die hele Westelike Provinsie skrik baie voornemende studente, wat in hierdie sportsoorte presteer, af.

In die komende jaar sal daar baie noue skakeling wees tussen *Die Matie* se sportredaksie en Radio Matie. Enigiemand met sportnuus wat publisiteit soek, kan dus die vrymoedigheid neem om die redaksie te kontak.

### "CAMPUS SPORT"

Van die Ikeys het ons die nuus ontvang dat hulle nou hul eie sporttydskrif het met die naam *Campus Sport*. Dit verskyn omdat sport feitlik geen dekking in hul studentekoerant gekry het nie. Volgens die redakteur sal hulle nuus verwelkom en plaaslike belangstellendes kan my in dié verband kontak.

ON-THE-SPOT
DROOGSKOONMAKERS
H/v Andringa- en Kerkstraat
20% AFSLAG VIR US SE MENSE
Probeer ons Selfdien Muntstuk Wassery